GRATIS ERWE IN JAGRESERVAAT

2 1/2 UUR VANAF JOHANNESBURG

Word 'n Jagklublid van 'n pragtige Jagplaas en u kry 'n bouperseel, woonwastaanplek of kampeerterrein absoluut gratis.
As klublid kan u 'n vakansie of naweekwooneenheid van u eie keuse oprig. Die Bestuur onderneem die aanlê van dienste, soos water en riool, asook elektrisiteit waar nodig indien u nie 'n sonstelsel wil gebruik nie. Volle onderhoud van tuine en paaie sal deur ons behartig word.
Woon- en kampeergebied beslaan sowat 300 ha waar wandelpaaie met wildbesigtiging in die vooruitsig gestel word. Volle ontspanningsgeriewe met swembaddens ens. sal deel word van hierdie konsep.
Anders as die normale vakansiestelsel sal klublede 365 dae van die jaar gratis hier kan uitspan en jag aangesien die Jagplaas binne kort afstand vir die Pretorianers en Witwatersrandpubliek is. Die Reservaat geniet vrystelling sodat daar geen beperking op jagseisoene ter sprake is nie. Geen dagfooi is betaalbaar nie en 1 000 ha is opgedeel in kampe met groot verskeidenheid wildsoorte wat konstant met spesies aangevul sal word sodat jagters na hartelus kan jag.
U betaal slegs vir dit wat u skiet. En slaggeriewe met verkoelingfasiliteite is ook kosteloos. Wild sal aan klublede en hul gaste teen normale of selfs beter pryse aangebied word. Wildsoorte wat reeds op die Reservaat voorkom is waterbokke, gemsbokke, rooihartbeeste, koedoes, elande, sebras, blouwildebeeste, rooibokke, bosbokke en baie kleinwild.
'n registrasietydperk sal slegs tot 30 Nov 1990 oopgestel wees. Aangesien daar 'n beperkte hoeveelheid eenhede bestaan, sal alle voorgenome klublede na 30 November die volgende pryse moet betaal:
Woonperseel : R27 500
Woonwa plek : R13 000
Kampperseel : R13 000
BULGERIVIER JAGKLUB
Jagklublede wat 'n gratis perseel bekom het of na die spertyd daarvoor betaal het, het volle besitreg daarvan om later te verhandel of aan erfgename te bemaak. Verbeteringe wat aangegaan word is dus tot u voordeel.
'n Maandelikse heffing van R45-00 per wooneenheid en R30-00 per kamp/woonwaperseel wat deur middel van debietorder van u gevorder sal word, is die enigste uitgawe wat u ooit weer vir u naweke, jagtogte of vakansies sal hê.
Hierdie heffingsfooi sal die maatskappy in staat stel om die nodige onderhoud en alle nuwe fasiliteite wat deur die klub beplan word soos konferensie-fasiliteite en moontlike woonstelgeriewe, te finansier.



Kom en geniet die kans van u lewe, om in die hartjie van die Bosveld u eie wildjagplaas te hê slegs 30 min van bekende mineraalbronne en minder as 1 uur van Warmbad.
Nou kan u gesin ook die avontuur van 'n jagtog beleef en vir die eerste keer in SA kan u dit nou bekostig.

Die registrasiefooi beloop R250,00 wat u eerste heffing, seëls en kantooronkoste insluit.

Skakel Susan of Dina (01211) 23533, 23541, na ure (012) 376-2858